Meltwater
Outside Insight



**Publication:** SonWes - Racing
**Title:** UDUBS SE SOKKER-GIRLS SOEK VIERDE VARSITY TITLE
**Publish date:** 09 Jul 2026
**Page:** 13

**Reach:** 16016
**AVE:**R 37500.42
**Author:** MARK WARD

# UDUBS SE SOKKER-GIRLS SOEK VIERDE VARSITY TITLE




**WE'RE BACK:** DIE Universiteit van Wes-Kaapland se vrouesokkerspan wat verlede jaar die Varsity Football title ingepalm het, wil vanjaar weer so maak. **FOTO VERSKAF**

**MARK WARD**

DIE Universiteit van Wes-Kaapland se vrouesokkerspan maak gereed om geskiedenis na te jaag om 'n vierde Varsity Football title te wen terwyl hulle manlike eweknie terug op die studentesokker-stage is nadat hulle verlede jaar nie vir die toernooi gekwalifiseer het nie.

UWK se mans- en vrouespan het in 2024 geskiedenis gemaak toe hulle die Varsity Football titles gewen het – 'n prestasie wat die Bellville-kampus as een van die land se voorste universiteitsokker-instellings bevestig het.

Die gewilde Varsity-reeks keer volgende maand terug met 'n opwindende nuwe formaat wat nuwe spanne, die terugkeer van bekende teenstanders en die bekendstelling van Friday night football insluit.

Die mans skop op 1 Augustus af, terwyl die vroue 'n week later begin jol. Die finals is vir 2 Oktober geskeduleer.

In die vroue-afdeling sal UWK sy status as 'n kampioenspan wil toon deur 'n vierde titel te probeer verower.

Die studente sal egter sterk teenstand van spanne soos Walter Sisulu, Wits, die Universiteit van Limpopo en UP-Tuks moet afweer. Die manskompetisie verwelkom vanjaar die Universiteit van Limpopo.

Daarteenoor het die Noordwes-Universiteit (NWU) en die Sentrale Universiteit vir Tegnologie (CUT) nie daarin geslaag om te kwalifiseer nie, wat die mededingendheid van die reeks onderstreep.

Een van die grootste veranderings van die reeks is dat die manswedstryde vir die eerste keer op Vrydagaande gespeel sal word. Dié inisiatief is daarop gemik om 'n unieke ervaring te skep, waar supporters hulle naweke met topgehalte-studentesokker afskop.

Sekere wedstryde word regstreeks op SuperSport uitgesaai.

Siya Noqayi, bestuurder van die reeks, sê die veranderinge weerspieël die groei en ontwikkeling van universiteite-sokker in Suid-Afrika.

"Met die uitbreiding van die vrouekompetisie, die nuwe spanne in die mansafdeling en die terugkeer van bekende teenstanders kan daar uitgesien word na nóg 'n onvergeetlike seisoen wat talent, geleenthede en die passie vir sokker vier," het hy gesê.



www.meltwater.com/za | Cape Town: +27 21 838 5100 | Johannesburg: +27 11 028 2172 | Copyright © Meltwater News (Pty) Ltd.